
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za

GELOOF teenoor VREES

In Genesis hoofstuk 3 lees ons van die val van die mens. Die val van die mens uit die genade van God het plaasgevind as gevolg van ongehoorsaamheid aan God se Woord deur eie keuse. Adam het uit eie vrye wil gekies om te sondig toe hy aan God ongehoorsaam was. Satan, soos alle geskape wesens, kan nie lewe skep nie, maar kan dit wat reeds geskape is vernietig en besoedel. Daar is geen waarheid in hom volgens Joh. 8: 44, omdat hy 'n leuenaar en 'n misleier is. Toe Adam teen God gesondig het in die Tuin van Eden, het hy en Eva alles verloor wat God aan hulle toevertrou het. Die wet van sonde en dood was die resultaat! Die mooi verhouding van GELOOF (vertroue) wat tussen God en Adam bestaan het is verbreek deur sonde en VREES het sy plek ingeneem – wat dood, steel en vernietig.

VREES het die oor-heersende mag in Adam se lewe geword want die **eerste** woorde wat hy vir God gesê het nadat hy gesondig het was **"Ek was .... bang" (Gen. 3: 8).** Die GELOOF wat hy in sy hart gehad het, het in DOOD in Satan se hand is. Ons ondervind God se LEWE deur GELOOF en Satan se DOOD deur VREES. Dieselfde einde het op beide Adam en die man Jesus gewag – die dood – Adam deur misleiding en ongehoorsaamheid, Jesus deur 'n daad van gehoorsaamheid om God se wet van LEWE te herstel. (Fil. 2: 8).


TWEE GEESTELIKE WETTE.

Ons lees in Rom. 8:2 dat hierdie twee geestelike wette in werking is – hulle is die wette van LEWE en DOOD. In Satan se gebied, waar die gees van die dood heers (die vloeke), vind ons vrees, sonde en dood, siekte, lyding, bekommernis en angs; waar die wet van die gees van LEWE opereer (die seëninge), vind ons geloof, lewe en geregtigheid, genesing en God gegewe gesondheid, vrede, vreugde en liefde.

Die prys wat Jesus betaal het was tweevoudig. Hy het nie net gekom om die werke van Satan te vernietig nie, maar ook om ons te bevry van die mag en slawerny van VREES verander. GELOOF EN VREES IS DIE TEENOORGESTELDE EN BRING TEENOORGESTEL-DE RESULTATE.

Tot op daardie stadium het Adam net geweet hoe om deur die Woord van God te leef. Toe hy teen die Woord gerebelleer het, het vrees hom oorval en het hy gemeenskap met God verloor. Wanneer jy jouself van God en Sy Woord skei, skei jy jouself van die LEWE. Adam het dit gedoen en saam met sy ongehoorsaamheid het die proses van fisiese dood ook gekom. Romeine 8: 2 sê: **Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.**

Toe Adam besluit het om in teenstelling met God se Woord op te tree het hy die kommunikasielyn tussen die hemel en aarde vernietig. Dus is die wet van LEWE in God se hand, terwyl die wet van sonde en dood. **Heb. 2 :14-15** sê dit duidelik vir ons: **Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het-dit is die duiwel- en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.**



Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het-dit is die duiwel- en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was. Heb. 2 :14-15

Hier word die werklike uitdrukking 'vrees vir die dood' gebruik – die direkte gevolg van die wet van sonde en dood. Jesus het aarde toe gekom om Satan te vernietig wat die mag van die dood gehad het, en om diegene wat in slawerny gehou is vir vrees vir die dood te bevry omdat Jesus die dood oorwin het toe Hy uit die dood opgestaan het. Diè wat Jesus as hulle Verlosser ontvang het, het Ewige lewe, want in **Hom** is die Ewige LEWE! (1 Joh. 5: 11-

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Geloof teenoor vrees ...)
12).

Om die mag van die dood te breek moes Jesus die vloek van die wet op Homself neem, wat Hy gedoen het en Hy het die straf deur Sy gestorte Bloed aan die kruis op Golgota betaal. Prys God, ons lees in Kol. 2: 14 – 15 dat deur Sy dood het Hy die werke van Satan vernietig wat vrees en dood insluit. Hy het dit alles vir my en jou gedoen sodat ons VRY kan wees OM LEWE TE KIES. Ons kan met sekerheid WEET dat die wet van die Gees van Lewe in Christus Jesus ons vrygemaak het van die wet van sonde en dood.

OORSAKE VAN VREES.

Laat ons na sekere omstandighede in die lewe kyk waar vrees kon ingekom het, hou altyd die feit in gedagte dat vrees van Satan kom deur SONDE, omdat God **ons nie 'n gees van vreesagtigheid... gegee het nie! (2 Tim. 1: 7)**

Baie kinders in die wêreld is deur ouers misbruik en dit het 'n vernietigende uitwerking op hulle, emosioneel en sielkundig, wat dikwels tot vrees lei wanneer hulle volwasse is. Daar is ook die mishandeling van kinders deur onderwysers, soms onregverdige straf in 'n gees van woede. Kinders reageer op verskillende maniere – party onttrek hulle in 'n dop van onsekerheid en vrees, ander word rebels en verwerp alle gesag. Party reageer met geweld of antisosiale gedrag. Ek dink nie vir een oomblik dat kinders nooit gestraf moet word nie – selfs 'n paar klappe mag soms nodig wees, maar onregverdige mishandeling of misbruik van kinders is 'n groot sonde in God se oë. Dit is dikwels die oorsaak van onredelike vrees in hierdie kinders se lewens in later jare.

Ouers wat aanhoudend voor hulle kinders baklei of sluit natuurlik "geestelike oorlogvoering" in! Die oorwinning is behaal en ons moet dit glo en dan dit wat ons glo demonstreer deur geloof in Hom te hê en ons geloof uitvoer deur Sy bevele te gehoorsaam.

Ons Hemelse Vader het bedoel dat ons, ons lewens moet vul met die kennis van Sy liefde, vreugde en vrede. Hierdie is die eerste drie van die nege vrug van die Heilige Gees soos beskryf in Gal. hoofstuk 5. Hy begeer dieselfde vir Sy kinders soos ons vir ons kinders, selfs meer nog, omdat Hy tot meer liefde as ons in staat is! Hy wil hê dat Sy kinders vreugde in hulle harte moet hê, soos ons vir ons kinders. Hy verklaar in Sy Woord in **Spreuke 15: 13: 'n Vrolike hart maak die aangesig bly, maar by verdriet van die hart is die gees neerslagtig.**

Spreuke 17: 22: 'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog.

Dit is 'n vasgestelde feit dat baie fisiese kwale soos bv. hartaanvalle, diabetes en maagsere vererger word, selfs veroorsaak word deur vrees en bekommernis, alhoewel ongesonde eetgewoontes en geen oefening ook 'n groot rol speel. Die Woord van God vertel vir ons dat 'n vrolike hart soos genesende salf is wat uitgegooi is, terwyl 'n verslae gees die gebeente uitdroog. Bloed word in die beenmurg geproduseer. 'n Gebroke, vreesbevange gees is beslis verantwoordelik vir meer terminale siektes as enige ander oorsaak. Ons het dikwels gehoor dat iemand skielik kanker gekry het na die dood van 'n geliefde, moontlik as gevolg van skok en vrees. **Job 3:25: As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my.**

Spreuke 29:25: Die vrees vir die mens span 'n strik; maar hy wat op die HERE vertrou, sal beskut word.

'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog. Spreuke 17: 22

wat alkoholiste of dwelmverslaafdes is, is dikwels die oorsaak van emosionele onstabiliteit in hul kinders se lewens. Die huwelik is 'n gebied waar vrees tussen twee mense kan ontwikkel omdat aanhoudende argumente en bakleiery vrees kan veroorsaak. 'n Sterk dominerende man met min inskiklikheid vir sy vrou, kan die gevolg hê dat die vrou haar onttrek of geweldadig word of depressief raak wat uiteindelik kan lei tot selfmoord. Ontrouheid in die huwelik is 'n groot bron van vrees en onsekerheid. U sal merk dat in al die gevalle is dit ongehoorsaamheid aan God se weë, soos dit in Sy Woord neergelê is, met ander woorde sonde, wat laastens vrees in ons lewens of die lewens van die om ons veroorsaak.

Ander oorspronge van vrees is:

1. Oorerflike of bloedlyn vloeke van die sondes van die voorvaders.
2. Betrokkenheid by die okkult of in ander godsdienste wat die aanbidding van afgode en valse gode insluit.

(Ons deel hiermee in 'n meer indiepte studie in ons boek "Ken jou Vyand ".)

'n Onredelike vrees is bekend as 'n fobie en daar is baie verskillende fobies. Vrees vir spinnekoppe, vrees vir beperkte ruimtes, vrees vir skares, vrees vir die dood, die lys gaan aan en aan, maar almal se oorsprong is vrees en Jesus het gekom om ons te bevry van die duiwel se marteling. As Christene moet ons betrokke raak met geestelike oorlogvoering en hierdie vrese en fobies oorwin omdat hulle demoniese geeste is en geen plek in ons lewens het nie. Omdat alle vrese van Satan af kom moet ons weet hoe om hulle te weerstaan en te beveg om hulle met die Woord van God te oorwin, weier om hul toe te laat om ons te beheer. God sal die stand wat ons teen die vyand inneem eer en Hy sal dit vir ons moontlik maak om die geveg te wen, mits ons die stryd stry deur Sy metodes te gebruik en dit op Sy manier doen en dit

Vrees vir die mens sal altyd 'n struikelblok wees, of dit vrees is vir 'n werkgewer, 'n man, 'n vrou of vrees veroorsaak deur kompetisie met ander by die skool of die werk. Onthou vir Job, hy sê dat – dit wat hy die meeste gevrees het oor hom gekom het!

Jy sien, vrees is 'n demoniese gees en wanneer jy hom in jou hart toelaat, neem dit geleidelik jou denke oor en beheer jou gedagtes en uiteindelik kan jy net sien, hoor en spreek van die vrees wat jou verteer. Haat en verwerping werk op dieselfde manier. Die persoon wat die gees van verwerping in sy gees toelaat bereik 'n punt waar hulle werklik GLO dat niemand vir hulle omgee nie, dat alle omstandighede saamspan om hulle af te breek, dat hulle 'n mislukking is en hulle raak depressief, moedeloos, isoleer hulself meer en meer en oorweeg soms selfs selfmoord. Dit is waarom dit so belangrik is dat 'n mens die aanval moet herken en besef dat jy met 'n demoniese gees deel, wat weerstaan moet word op die manier wat Jesus ons geleer het om Satan te weerstaan.

As 'n man by jou voordeur sou inkom en sê dat hy jou stoof gaan vat, sal jy eenvoudig terugstaan en hom toelaat om dit te doen? Jy sal beslis nie! Jy sal hom laat verstaan dat die stoof jou wettige eiendom is, dat hy geen reg het om in die eerste plek in jou huis te wees nie en dat hy dadelik moet gaan! Dan in ooreenstemming met hierdie houding, sal jy hom nie met 'n sagte en vriendelike stemtoon aanspreek nie, maar sal hom in geen onsekere terme vertel om te gaan, hard en duidelik! Hy is op verbode gebied en jy moet dit vir hom sê. Dieselfde is van toepassing wanneer hierdie vernietigende geeste probeer om jou God gegewe lewe binne te val. Hulle het hoegenaamd geen reg om dit te doen nie en hulle probeer met hul voorbarigheid 'n houvas op 'n deel van jou lewe te kry wat in werklikheid aan God behoort, (dit is as jy jou lewe aan Jesus gegee het,) omdat jou liggaam dan die tempel van die Heilige

(Vervolg op Bl. 6)

VICTORY OVER FEAR


So much that happens around us in our everyday life has the potential to provoke us to fear, and that is the place for us to start to guard our hearts daily and even hourly if necessary! We must be alert to the very first sign and symptom of anxiety as we become aware of it. Stop right in your tracks when you begin to grow the least bit apprehensive! Ask yourself "why am I concerned?", and then nip it in the bud by dealing with it before it grows into anxiety and then fully fledged fear.

You may think that a little bit of fear is alright but that is a lie! Any fear brings with it feelings of frustration, desperation and anxiety, and is NEVER healthy! Fear is linked ultimately to death, whereas faith is linked to life! You simply cannot function according to God's ways and according to Satan's at e same time and then try and justify your actions. There is only one way, one code of behaviour, one set of laws by which we are to live, and that is God's Way and God's Word.

If you have a tendency towards anxiety and fear, I have wonderful news for you; there IS victory and deliverance from its bondage! As I have said before, but it cannot be overemphasised, it is going to require a new attitude, a new boldness from you. Always remembering that on the cross of Calvary, Jesus Christ paid the full price so that you can be free of any bondage which Satan wants to use to hold you – completely free - today, right here and now, AND THAT INCLUDES FEAR!

So how can you appropriate the benefits of this truth and walk in its fullness? By having faith in God and by believing His Word! Faith in God cancels out Satan's fear! How then do you begin this life of faith towards God? The first step is that you must become born again by accepting Jesus Christ as your personal Saviour and the Lord of your life. This decision is crucial because then God becomes your Heavenly Father making you a child of the Most High God. His Word, which is Spirit and Life (John 6:63) is quickened to your spirit and you are then able to perceive spiritual truths. Until you become a child of God, the Bible will be just a dead letter to you. God's Word produces faith in your heart once you have become His child, and, as with any new born baby, you need feeding in order to grow. Once you have been born again of the Spirit, Baptised as a Believer and filled with the Holy Spirit, (Acts 2:38-39), your spirit man needs to be fed so that you may grow spiritually, and the Word of God is your food. That is what Jesus said to Satan when He was tempted by him in the wilderness. **Luke 4:3-4: And the devil said unto Him, If thou be the Son of God, command this stone that it be made bread. And Jesus answered him, saying, It is written, That man shall not live by bread alone, but by every word of God.**

We need God's Word in order to grow, and to grow in faith, and we need faith in order to overcome. The Bible works! God's Word produces faith, love, healing, abundance, wisdom, a healthy body, soul and spirit that is why we need to sit under the wholesome, sound preaching of God's Word and neglect not the gathering of the saints. We need to read the Word of God daily! If you are a new Christian, start reading the New Testament and begin with the Gospel of John, then read the three Epistles of John, after which I suggest you read the other three Gospels, Matthew, Mark and Luke. It is of vital importance that you build yourself up in the Word. Faith and fear work in a similar way. Faith follows on the hearing of the Word of God. Fear follows on the hearing of the word of this world, man's opinions and Satan's lies. Faith comes when we think and ponder on the Word of God. Fear comes when we think and dwell upon the lies of Satan and respond to them. You can choose whose word to believe, however only YOU can make that choice, you cannot believe both at the same time. The very worst thing you can do is respond to Satan's subtle lies which produce fear. Never let fear be your motivation for any action or reaction. Consider at that crucial moment what God says in His Word concerning your situation, and choose to believe Him! He is God, and you can trust Him. However you will need to know what His Word says in your given situation in order for you to make that choice, and that is why you must read your Bible.



Faith is being sure of what we hope for and certain of what we do not see. (Heb. 11:1).

tells us what faith is. **Faith is being sure of what we hope for and certain of what we do not see. (Heb. 11:1).** Faith is simply trusting God to do what His Word says He will do, if you are obedient to His conditions and do what He says you must do!

How does faith operate? Romans chapter 10 verse 17 tells us that: **"faith cometh by hearing, and hearing by the Word of God."** So then, faith is developed by hearing the Word of God and acting upon it and realising that it

In Mathew chapter 14 we find an excellent example of faith verses fear. The disciples were out in the boat and Jesus walked across the water towards them! Peter expressed a desire to go to the Lord and the Lord said to him, "Come!" Peter clambered out of the boat and began to walk towards Jesus, and we read in verse 30: **"But when he saw the wind, he was afraid and beginning to sink, cried out "Lord, save me".** Why did Peter begin to sink? The word tells us that he saw the wind and became afraid. Peter walked on the water by supernatural power – by faith in the Word of his Lord Jesus who said to him **'Come'!** But when FEAR, (of his own choice) gripped him, it overwhelmed him, took control and he failed. Had he rebuked fear, stayed in

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Victory over fear…)
faith and continued to TRUST THE LORD, it would have dissipated, but sadly he submitted to fear and started to sink. We know however that Jesus then took his hand and saved him, just as He does you and me, but Peter missed God's exciting best for him.

Fear operates in exactly the same way as faith, but brings completely opposite results, so use the **"sword of the Spirit, which is the Word of God" (Eph. 6:7)** to resist Satan in every situation. Hold up your **"shield of faith, with which you can extinguish all the flaming arrows of the evil one" (Eph. 6:16).**

Let us consider a practical example. Your daughter and friends have gone to the beach, or your husband is out late in the car, or your mother lives in a flat in a dangerous area, or your son is working overseas. Satan attacks with fear, suggesting that your daughter is going to drown or your husband is going to have an accident, or your mother is going to be attacked, or your son is being influenced by drug addicts etc. DO NOT ALLOW FEAR TO CONTROL YOUR THINKING BECAUSE THE BATTLE IS IN YOUR MIND. Simply refuse to be fearful, casting down vain imaginations. On no account must you allow Satan to manipulate your thoughts with his fears and lies. Stop them right in their tracks, and do not say that you have no control over them! You CAN stop them and you HAVE control over them, because the Word of God says you have the mind of Christ!(1 Cor. 2;16) In that kind of situation you must choose to proclaim what God has said in His Word…….**that He will never leave you or forsake you or your family** and believe it! Who is more able and better equipped to protect and undertake for you and your loved ones than your Heavenly Father? You can put your FULL trust in Him! Do not passively accept what ever it is that the devil wants to feed into your mind, rise up within, with an inner boldness and oppose his lies that bring fear with them and pray aloud a faith filled prayer similar to the following :

"Heavenly Father, thank You that You did not give me a spirit of fear, but one of power and of love and of a sound mind (self -control). I commit all my family members into Your capable hands for Your protection and I trust YOU completely with them, because You are a trustworthy God who cares for them and never leaves us nor forsakes us. Thank you for hearing my prayer and for answering it, in Jesus name. Amen". Now begin to thank and praise Him for working in the situation.

You can rest assured that they are now in the very best hands, so leave them there! Trust the Lord completely and refuse to entertain any further anxious thoughts about them. Resist the devil and his negative suggestions, and he will flee! (James 4:7). Never forget to thank the Lord for the answer to your prayer!

Always remember that your reaction either gives place to faith or fear, love or hate, joy or despondency. You are the one who must choose! We are told in **Phil 4:8 Finally, brethren, whatsoever things are true, whatsoever things are honest, whatsoever things are just, whatsoever things are pure, whatsoever things are lovely, whatsoever things are of good report; if there be any virtue, and if there be any praise, think on these things.**

Remember the story of Jairus' dying daughter when Jesus said to him that he must **fear not, only believe**. Jesus said that Jairus must stay out of fear purely because He could not answer the prayers of those who were in fear, those who could not believe or trust His ability, and the same still applies today. He even sent the mourners (professional wailers) away from the scene, before He raised the young girl from the dead. (Mark 5) Jesus said **"Fear not, only believe!"**

YOUR MOUTH WILL **ALWAYS** SPEAK OF THAT WHICH IS IN YOUR HEART, in other words, what you are believing.

YOUR MOUTH WILL **ALWAYS** SPEAK OF THAT WHICH IS IN YOUR HEART, in other words, what you are believing. Have you ever found yourself saying: *"I'm AFRAID I cannot do that.", "I'm AFRAID no.", "I'm AFRAID that is true.", "I'm DEAD scared!", "Don't go without a jersey – I'm AFRAID you'll catch a cold!"*

You have just spoken the language of fear, we do not realise how often we are guilty of speaking in this way, and what we are actually saying! You may say that it is only warning your children because of your concern for them, but there is a better way of doing this. When it comes to possible danger, teach your children in a constructive and positive way. Explain how changes in temperature affect the body – do not teach them through FEAR of a cold! Teach them how a revolver works, when they are old enough to learn, and they will always handle it with care and respect. Teach them about other dangers too, but in a constructive way. Do not teach through FEAR, but through KNOWLEDGE and WISDOM.

We have a wonderful promise from God in: **Isaiah 54:14: In righteousness shalt thou be established: thou shalt be far from oppression; for thou shalt not fear: and from terror; for it shall not come near thee.**

Since faith is the antidote for fear, and faith is built up by the Word of God (Rom. 10:17), it is to the Word that we must return! THROUGH SPENDING TIME WITH THE WORD OF GOD AND LISTENING TO IT BEING PREACHED, YOUR THINKING PATTERN IS CHANGED; YOUR MIND IS RENEWED FROM FEAR TO FAITH, FROM DEATH TO LIFE. We read in **Rom 12:2: And be not conformed to this world: <u>but be ye</u> <u>transformed by the renewing of your mind</u>, that ye may prove what *is* that good, and acceptable, and perfect, will of God.** God is saying here that you must not be conformed to the way the world thinks or reasons, because that is not the acceptable and perfect will of God, but your mind must be renewed, (and YOU must take the responsibility for the renewing of it), by the Word of God! In this way you will experience and prove the good and perfect will of God, which is always peace, joy, health and provision!

We are then able to say as the Psalmist said in Psalm 118:6-7: **"The Lord is with me; I will not be afraid", and "The Lord is with me; He is my helper. I will look in triumph on my enemies!"** From this scripture, you realise that the Lord is in fact on your side so you WILL not fear! Fear has therefore no place in your life! The Lord gives us further assurance that He is always with us regardless of our desperate situation, for He says in **Isaiah 43:1-2: .... Fear not: for I have redeemed thee, I have called *thee* by thy name; thou *art* mine. When thou passest through the waters, I *will be* with thee; and through the rivers, they shall not overflow thee: when thou walkest through the fire, thou shalt not be burned; neither shall the flame kindle upon thee. "Fear not, for I have redeemed you, I have called you by My name; you are Mine. When you pass through the waters, I will be with thee.**

(Continued on page 6)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek wil net ons Heer en Meester loof vir die genesing van my klein dogter Yoland, sy het 5 jaar terug 'n bors verloor deur kanker en was vir 3 jaar skoon toe slaan die vyand weer toe met limfklier kanker. Sy het baie sterk chemo gekry toe ek u genader het vir voorbidding vir haar. Sy is gesond, ek gee al die eer aan ons Here God, wat haar genees het, en baie dank vir u en voorbidding. Mag die Here u nog lank gespaar bly, nogmaals dankie.

Mev M Pieterse, Carletonville

Ek het u verlede jaar dikwels geskakel of geskryf om vir my kleindogter Mickayla te bid vir 'n erge immuniteit probleem. Dokter die gebed is verhoor! Sy is gesond, sien nooit meer 'n dokter of neem geen antibiotiese medikasie nie. Sy het verander in 'n lewenslustige kind met 'n helder verstand. Ons dank God, dankie dat u vir haar gebid het saam met ons. Liefde groete

Me S J Olivier, Tygerdal

Ek wil julle net bedank vir julle gebede. Ek het verlede week gevra om vir my te bid vir my seun met die drank probleem en my en my man se huwelik probleme. Tot dusver gaan alles goed. My seun is meer rustig en ek en my man het ook alles uitsorteer. Prys die Here! Baie dankie

Mev P Renison,

Die Here is groot en goed. Hy is my Vader, my dokter, my Redder en my Verlosser. Hy kan meer vir my doen as 'n aardse Vader. Ek wil vir u en u helpers baie dankie sê vir u gebede. Ek het vir u geskryf so 13 maande gelede, waarop u vir my 'n brief geskryf het om my te verseker van u gebede vir my. Prys die Here dit is alles gesond en opgeklaar. Ek kan net sê die Here is groot en goed, 'n Waarmaker van Sy Woord. Ek kan elke dag net dankie sê, en ontvang genesing vir my dierbare hande. Die Here het vir my gesterf op Golgota sodat ek genesing en bevryding en verlossing kon kry. Ek bid ook vir julle, daar by die sentrum. Nogmaals dankie vir u gebede en belangstelling. God seën julle. Baie liefdegroete in Sy Naam.

Trina, Pretoria Noord

Weereens baie, baie dankie vir die wonderlike boekies en brief van bemoediging dat julle vir ons bid. Onthou ons bid ook altyd vir julle! Mag Hy julle ryklik seën in alles. Ons Hemelse Vader seën ons ryklik elke dag. My man het die werk as opsigter gekry by die blok waarin ons bly. Dit was 'n wonderwerk van bo. Ons finansies het verbeter. Al val die vyand ons aan, weerstaan ons sy werke in Jesus se naam. Ek het hom telkemale bestraf en hy haat dit as ons in die gees bid!! Liefdegroete

Mnr en Mev J Odendaal, Lynwoodrif

My man het 'n bloeiende maagseer gehad wat hy gekry het van gout pille. Ons het nooit geweet bloedverlies kan jou swak maak. Hy was in 'n slegte toestand. Toe ek hom die oggend so kyk het ek besef ek moet dadelik die sentrum bel. Die oggend 7 uur het julle begin bid en so half 10 toe gebeur die wonderwerk. Wanneer hy mense vandag daar van vertel dan word hy emosioneel. Dis dan net 'n paar van die beantwoorde gebede, waar die Sentrum vir ons gebid het. Daar is nog so baie. Eerstens sê ek groot dankie aan ons Hemelse Vader. Dankie aan Dr James en sy mense by die Sentrum. Ek kan net sê God hoor julle waarlik daar. Prys die Here!! Prys Sy grote naam. Of ek in 'n tou staan en wag of as ek 'n probleem het en ek vra God, dan neem Hy oor en alles verloop vlot. Seën aan almal by die Sentrum. Genade kry ons by God en liefde.

Mev R Bredenhann, Newcastle

Baie dankie vir die blaadjie wat ek gereeld maandeliks ontvang. Dit help my so baie in my geestelik groei, en elke keer kom hy net op die regte tyd.

Dankie ook vir elkeen van julle wat so getrou vir ons bid. Ek het Spondilitis gehad wat my baie, baie siek gemaak het. Ek het julle gevra om vir my te bid sodat Jesus Christus net Sy werk in my liggaam kon bevestig wat Hy alreeds aan die kruis vir my gedoen het. My genesing was nie onmiddellik nie, maar dokter, soos die Heilige Gees u lei om ons te leer hoe om Vader se Woord toe te pas, en te bely vir ons omstandighede sodat ek in oorwinning kan lewe en Satan van my af moet wegvlug, omdat ek hom weerstaan met God se Woord, Sy Heilige Naam, Sy Bloed en geloof, het ek dit begin doen. Hardop het ek bely "Satan daar staan geskryf...." en dan die Here geloof en geprys vir my genesing!! Een oggend toe ek wakker word is al die pyn weg en het ons Liewe Vader my volkome genees!! Elke oggend sê ek net "Dankie Pappa Vader en Here Jesus, dat ek gesond is!!"

Mev T Greyling, Ventersdorp

Greetings in Jesus Name, more than a year ago my mother wrote you a letter to ask for prayer for me for a permanent job. God has answered my prayer, I am permanently employed for more than a year now. God has blessed me even further, in just less than 8 months, I was promoted in the same company which was a huge step in my career for me. God has been very good to me, just want to thank you for the prayers. Yours faithfully

Mev L Diedericks, Bellville South

(Continued from page 4 - Victory over fear)

The words **"FEAR NOT"** appear more than **SIXTY** times in the Bible, and when God gives a command, He also supplies the strength and ability to obey it! You make the decision! You do not **have** to choose fear, but you **can**! You do not have to choose faith, but you can! The choice always remains with you!

In these three scriptures alone, Isaiah 54:14; Psalm 118:6-7 and Isaiah 43:1- 2, just look at what God has promised you! He has established you in righteousness therefore you do not have to fear. Terror will not come near you! God is with you! He has redeemed you! GOD'S WORD PROMISES ALL OF THIS TO YOU, so as a child of God, you can live a life free from fear! If you have a fear of illness, remember that Peter 2:24 says: **"… by His (Jesus) wounds you have been healed."** If you have a fear of poverty, remember that **Phil 4:19 says: "And my God will meet all your needs according to His glorious riches in Christ Jesus."** One thing you can be absolutely sure about is that any fear that Satan uses to torment you, is actually the very opposite of a promise that God has given to His children. Part of your inheritance is Peace purchased at Calvary when Jesus died and paid the price. Many believers do not even know the promises that God has given them and that are in His Word! This is why it is so important for you to read and study the Bible, because through it you will receive wisdom and know God's peace that passes all understanding. It is the Living Word of God that is your infallible and proven medication for any and every type of fear, because it is Spirit and Truth and will dispel all lies leading to defeat! It will cause you to become strong, bold and very courageous because God and His Word are one and will be with you where ever you go or in whatever situation you may find yourself. God told Joshua that he was to meditate on His Word day and night in order for him to be strong and prosper in all his ways, and nothing has changed, it is still God's Word that will cause you to succeed, because He watches over His Word to bring it to pass! **Joshua 1:7-9: Only be thou strong and very courageous, that thou mayest observe to do according to all the law, which Moses My servant commanded thee: turn not from it to the right hand or to the left, that thou mayest prosper whithersoever thou goest. This book of the law shall not depart out of thy mouth; but thou shalt meditate therein day and night, that thou mayest observe to do according to all that is written therein: for then thou shalt make thy way prosperous, and then thou shalt have good success. Have not I commanded thee? Be strong and of a good courage; be not afraid, neither be thou dismayed: for the LORD thy God *is* with thee whithersoever thou goest.** □

(verfvolg vanaf Bl. 2 - Geloof teenoor vrees)

Gees is volgens 1 Kor. 6: 19. Jy het die reg om hul aanval te weerstaan, jy het 'n vrye wil wat deur God aan jou gegee is, dus kan jy kies om hul aantog te aanvaar of te verwerp. Die duiwel, alhoewel hy hard probeer, kan nie inmeng met enige keuse wat jy maak nie en God sal nie vir jou kies nie. Die keuse berus geheel en al by jou en jy moet die nodige aksie neem. Jesus het ons nie met 'n gees van PASSIWITEIT gelaat nie maar van VREDE en daar is 'n groot verskil tussen die twee. God het reeds ALLES wat jy nodig het gedoen sodat jy vry van vrees kan wandel (of enige ander demoniese gees wat dit betref), en nou hang dit van JOU af om die keuse te maak om in daardie vryheid te wandel. Jy moet van binne in opstand kom en 'n kwaliteit besluit neem om stand in te neem teen die leuens en misleiding van Satan en sy vernietigende magte! Jy sal van jou kant af 'n besluit moet neem, determinasie en volharding moet hê, maar alhoewel jy die oorlog voer is die geveg die Here s'n en daarom kan jy nie verloor nie!

Jesus het gesê: **"Vrede laat Ek vir julle na, My vrede gee Ek aan julle…… Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie" (Joh. 14:27)**. In Jesus is vrede en vryheid van vrees ons s'n, omdat Hy gesê het dat Hy Sy vrede vir ons na laat, gee dit aan ons om te neem – wat 'n kosbare besitting!! Dus wanneer Satan, die dief volgens Joh. 10:10 kom om die waardevolle besitting te steel om dit met vrees te vervang, moet ons dapper wees in ons oorlogvoering. Ons moet NIE daardie demoon toegang verleen nie! Daar is die baie beskrywende illustrasie van die rondloper hond wat deur jou agterhek insluip om jou honde se kos te eet. Hy sal al hulle kos opeet as jy dit toelaat! As JY hom nie stop nie, wie sal? Om van hom ontslae te raak moet jy hom uit jou erf verjaag en dit word met determinasie en 'n harde stem gedoen! Dit sal nie help om te fluister en jou hand vaagweg in sy rigting te waai nie, want dit sal baie min of geen uitwerking hê nie. Nee, jy sal op hom moet skreeu en wys dat jy dit bedoel om hom weg te jaag! Dieselfde

Die vrees vir die mens span 'n strik; maar hy wat op die HERE vertrou, sal beskut word. Spreuke 29:25

benadering moet gebruik word in jou determinasie om Satan en sy handlangers te verdrywe wanneer hulle indring en voordeel trek van wat wettiglik joune in elke area van jou lewe is! Die duiwel sal nie maklik onttrek wanneer jy bedeesd op sy indringing reageer nie, hy sal voordeel trek uit jou halfhartigheid, maar wanneer hy sien dat jy gedetermineerd en doelgerig in jou weerstand teen hom is en in jou teenaanval sal hy MOET vlug! Dit is volgens Jak. 4:7, wat verklaar: **ONDERWERP JULLE DAN AAN GOD ..dan… WEERSTAAN DIE DUIWEL EN HY SAL VAN JULLE WEGVLUG!!** Dit is dus duidelik dat jy jou HELE lewe aan God moet gee dit is ELKE AREA van jou lewe, wanneer jy Satan dan weerstaan sal hy moet vlug. Jy weerstaan hom deur op God se Woord te staan en dit uit te roep. God waarsku ons in Sy Woord in **1 Pet. 5:8: Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.**

Hy kan nie sommer enigeen verslind nie, maar hy soek na iemand wat sal toelaat dat hy voordeel uit hulle trek, wat plek vir hom sal maak. Ons word in **Ef. 4:27** vermaan : **Gee aan die duiwel geen plek nie!**

ONS OORWINNING IS ONS GELOOF IN GOD EN IN SY WOORD.

Ons lees in **Rigters 7:3: 'Die wat bang is en bewe, kan teruggaan en wegdraai van die gebergte van Gilead af!'** Dit is die verhaal van hoe drie honderd Israeliete onder die leierskap van Gideon die Midianiete en Amalekiete verslaan het wat "**soos sprinkane in menigte, en hulle kamele was ontelbaar soos die sand aan die seestrand in menigte"** was (Rigters 7; 12). Daar was aanvanklik twee en dertig duisend Israeliete, maar God het vir Gideon die wysheid gegee om te weet dat vrees negatiewe resultate het en dat hy by verre beter daaraan toe was met 'n handvol vreeslose soldate as met 'n mag van duisende wat vreesbevange was!

VREES BRING MISLUKKING. Laat ons na 'n paar skrifte uit die Bybel kyk wat betrekking het op VREES:

Jes. 37:6 – 7: "So spreek die HERE: Vrees nie vir die woorde wat jy gehoor het, waarmee die dienaars van die koning van Assirië My gelaster het nie. Kyk, Ek sal 'n gees in hom gee… en Ek sal hom in sy land deur die swaard laat val!"

Jer. 1:8: Wees vir hulle nie bevrees nie, want Ek is met jou

(Vervolg op Bl. 8)



uit **Dr James** se kantoor

Liewe familie in Jesus,
Die tyd vlieg elke dag vinniger verby. Ons bevind ons self al in die tweedemaand van 2009 en die vakansie is nou weer iets van die verlede.

Al die kinders is terug op skool en studente is nou besig om beplanning te maak vir ‘n wonderlike jaar van studie. Ons bid vir aanpassing in hulle nuwe omgewing en klasse en dat hulle uitstekend hierdie jaar sal vaar, soos die Here in elke kosbare jong mens se lewe sal onderneem en in elkeen se behoefte sal voorsien.

Petrus het in 2 Pet. 1:19 verklaar dat alhoewel hy 'n getuie was van die Here Jesus en Sy bediening, die profetiese Woord van God, wat plaasvind, steeds 'n groter bewys is dat God se Woord die waarheid is. Ons sien die bevestiging van daardie profetiese Woord vandag rondom ons in die wêreld. Ons lees in die Bybel dat in die laaste dae sal mense se harte beswyk met vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom (Luk. 21:26), en daar sal hongersnode en pessiektes wees (Matt. 24:7), ... en ons hoef net oor ons grens na Zimbabwe te kyk om te sien dat daardie woord plaasgevind word, veral nou met die cholera en vigs epidemie. Dan lees ons ook dat alle nasies teen Israel/Jerusalem sal optree. (Sag. 12:9). Die wêreld is verseker teen Israel, veral nou, soos sy haarself teen haar vyande verdedig, wat werklik die vyande van God is! Dit alles is tekens van die laaste dae en al wat ons kan doen is om vir hierdie situasies te bid soos nooit tevore nie. God sê: “en Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek.” (Gen. 12:3). Hy beveel ook dat ons vir die vrede van Jerusalem moet bid. (Psl. 122:6).

Ons weet dat ons Hemelse Vader vir Sy mense sal voorsien, ongeag die wêreld krisis, omdat Sy Woord belowe dat Hy dit sal doen. ‘n Skrif waaraan ek altyd vashou in tye van enige soort hangende vernietiging, en nie weet waarheen om te draai nie, is Ex. 14: 13-14, toe Israel, gelei deur Moses, die magtige Egiptiese weermag van agter af met hulle strydwaens wat op hulle afpeil en die magtige Rooi See voor hulle! Wat het Moses aan die mense in daardie skynbaar onmoontlike situasie gesê? (Hierdie was toe God se geïnspireerde woorde aan hulle deur Moses en dit is Sy woorde aan ons, waar ons onsself vandag in 'n skynbaar “geen uitkoms” situasie bevind). Ons lees: **Maar Moses het aan die volk gesê: <u>Wees nie bevrees nie,</u> staan vas en aanskou die verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars** (die vyand se aanval) **vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie. Die HERE sal vir julle stry, en julle moet stil wees. (Ex. 14:13-14).** Mediteer oor hierdie skrif en wandel in die vryheid wat dit vir jou voorsien! Let op dat dit begin met **“wees nie bevrees nie”,** met ander woorde, moenie vrees nie, moenie bang wees nie — en dit is die sleutel, daarom die inhoud van hierdie maand se nuusbrief, oorwinning oor vrees. Soos die Israeliete, moet ek en jy vorentoe gaan — wegtrek — begin om in geloof te beweeg om ons Beloofde Land in hierdie jaar 2009 binne te gaan. (Ex. 14:15).

Baie, baie dankie vir die vriendelike boodskappe van liefde en ondersteuning wat ons gedurende Desember en Januarie ontvang het, wat altyd vir ons ‘n bron van aanmoediging en opbouing is asook vir my pragtige verjaarsdag seënwense en vir die mooi gedagte en gebaar.

Ek wil ook elkeen van julle persoonlik bedank vir julle gebede, liefde, aanmoediging en ondersteuning in elke opsig. Ons kan julle nooit vergoed nie, maar ons vra ons Hemelse Vader om dit vir julle te doen!! Hy is die gewer van alle gawes en ons vra Hom om julle in oorvloed te seën met alle geestelike en fisiese seëninge.

Baie liefde groete

Dr James

Spesiale woord van dank

‘n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u ‘n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons doen ‘n baie dringende en belangrike oproep aan al ons vriende wat ‘n faks vir gebed of versoek aan ons stuur, om die faks te beperk tot EEN BLADSY. Dikwels kry ons ‘n faks van 3 tot 10 bladsye wat onmoontlik is om te hanteer. Gee asseblief basies net die naam, adres en versoek. Baie dankie vir julle samewerking.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

(Vervolg vanaf Bl 6 - - 'Geloof teenoor vrees ...)
om jou uit te red, spreek die HERE.

Ex. 14:13: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle sal bewerk.

Psalm 91:5: Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie.

Deut. 20:1, 3 en 4: As jy na die oorlog uittrek teen jou vyand ... wees nie bevrees en beangs en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is die HERE julle God wat saam met julle trek.

2 Kron. 20:15: So sê die HERE aan julle: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God.

Uit hierdie skrifte is dit duidelik dat God uitdruklik aan Sy volk gesê het dat hulle geen rede gehad het om te vrees nie omdat Hy met hulle was en soos die Nuwe Testament aan ons sê in **Rom. 8:31: Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees?** Die Woord sê ook dat **Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is** (die duiwel) **1 Joh. 4:4.**

Vrees bring vrees voort. As jy kanker vrees omdat jou vader en oupa dit gehad het, kan daardie vrees 'n verkeerde deur oopmaak. Onthou Job 3:25 **"As ek iets vreesliks vrees kom dit oor my ".** Vrees mislukking en dit sal na jou toe kom! Vrees maak jou onseker. In plaas van om die Here te vertrou om in jou daaglikse behoeftes te voorsien soos Hy in Sy Woord beloof het, kies jy om jou oor jou behoeftes te bekommer. Vrees kan 'n senuwee-ineenstorting en slaaploosheid veroorsaak, dit kan jou van jou gebedslewe beroof en stop jou om 'n getuie vir Hom te wees. Neerslagtigheid, moedeloosheid, depressie, vernietiging en elke negatiewe emosie kom as gevolg van vrees. Vrees vir die toekoms, vrees vir ons kinders se welstand, vrees vir siekte en vrees dat nie in ons behoeftes voorsien sal word nie. Wanneer ons bogenoemde ontleed, het elke vrees ontstaan as gevolg van "geen vertroue" in ons Hemelse Vader se vermoë om vir ons in daardie bepaalde area te onderneem, ten spyte van al Sy beloftes van die teendeel. Geloof in God en Sy Woord oorwin elke vrees, elke keer. Laat ons kies om Vader God ten volle te vertrou, glo en spreek Sy Woord, vertrouend in Sy beloftes en dan daarop te reageer omdat dit GELOOF is en GELOOF veroorsaak dat VREES elke keer verdwyn! ☐

Laat ons kies om Vader God ten volle te vertrou, glo en spreek Sy Woord, vertrouend in Sy beloftes en dan daarop te reageer omdat dit GELOOF is en GELOOF veroorsaak dat VREES elke keer verdwyn!

GOOD NEWS!

For our English speaking readers

We are excited to be able to share with you the fact that the newsletter in its entirety is now available every month in English on our internet web page: www,stangerchristiancentre.co.za.

GOEIE NUUS!

Vir ons Afrikaans Lesers

Ons is opgewonder om met julle te deel dat die hele volledige nuusbrief nou in Afrikaans beskikbaar is elke maand op ons internet web tuiste: www,stangerchristiancentre.co.za.